KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 260 **1 Junie 2009**

TOULEIER

Versoektyd: Julle moet 'seblief skryf!

Hallo julle,

Hierdie week is versoektyd:

As jy vir my skryf, moet jy hierdie adres gebruik:
pos@onsdorp.com
Dis baie belangrik dat jy nie aan enige GETRESPONSE-adres skryf nie.

Dis ons poslysverspreider en die boodskap gaan nie by my uitkom nie.

Die poslys gaan ook dink jy wil weer aansluit en vir jou alles van vooraf vertel van waaroor en hoekom en dan sommer weer R120 by jou wil invorder ensovoorts. Dan gaan jy wonder of my kop raas of 'n wurm in het. Nie so nie.

En julle moet asseblief skryf!

Die hele idee is dat ons met mekaar kontak hou en oorvertel wat gebeur tuis en oorsee – verkieslik altyd iets wat ons eg-Afrikaanse humor en humeur uitbring.

Of skryf vir ons van daardie spesiale troeteldiertjie van jou. Daar loop juis nou die internet vol 'n foto van twee stokstertmeerkatte wat so kiertsregop sit by 'n kaggelvuurtjie in wat na verneem word êrens naby Harrismith op 'n plaas geneem is. Te ougat.

Stuur sommer 'n foto saam met jou storie. Hou net in gedagte dat 'n mens nie tamaaigroot foto's oor die internet rondstuur nie.

Retha Kruger, ons skrywer van *So Maak Mens*, is laas week met 'n swaar hart weg van die plaas af om daar in Duitswes te gaan kuier. Hoekom? Oor haar eie meerkat nie kon saamgaan nie!

Juleen du Toit van Zeekoevlei weer, het 'n African Grey papegaai oor wie se truuks sy vir ure kan gesels. Ek soek julle stories en julle foto's!

'n Ander tema wat ons kan begin is daai stout stories van toe ons op skool of kosskool was.

Laat my sommer weer dink aan die keer wat ek in die Engelse klas van Juffrou Smalberger was.

Om ons seuns se volle aandag te kry, het sy altyd met haar effe kort rokpakkie bo-op een van ons banke gaan sit, het met haar voete op die sitplek. Natuurlik geweet hoe hoog loop ons hormoonvlakke. Maar altyd was die knietjies mooi styf teen mekaar. Altyd was ons vol afwagting en ewige hoop dat sy net 'n oomblik haar konsentrasie sal verloor.

Uiteindelik moes ons maar 'n plan maak. Ek is afgevaardig om die swartbord te gaan skoonmaak terwyl sy sit en Hamlet voorlees het. Ek is bord toe met 'n *ladycracker* met 'n lang lont in die sak. Net voor ek weer gaan sit het, is hy aangesteek.

Ses houe met die rottang later moes ek gaan om verskoning vra. Dit was egter al die pyn en lyding werd want die plan het gewerk. Helen Smalberger het natuurlik daarna nooit weer bo-op die banke stelling in geneem nie. Sy kom egter steeds na al ons re-unies toe.

Hennie Greeff

Doha, Katar

BREINBOELIE VIR JUNIE

333, 444, 555, 706, 817, 928, 1039, 1150 - watter syfer volg?
Gaan na die Oonsdorp webwerf en plaas jou antwoord daar.
R100 geskenkbewys van Kalahari.com aan die gelukkige wenner.

ROELFIE
SLAAT RAAK

✣ Mango se nalatenskap

IN dieselfde week wat die *Sunday Times* se hoofberig vertel het van hoe sleg dit in ons hospitale gaan, moes ons hoor dat miesies Mango Sjokolade-Piesang aangestel is om in Afrika 'n ogie te hou oor die welsyn van moeder en kind.

► **So iets kan voorwaar net op die mislukte vasteland Afrika gebeur**.

✣ Lang trane

INTUSSEN kan die ANC net nie vrede maak met die feit dat die Wes-Kaapse kiesers hom verwerp het nie. Lang trane word gehuil en 'n lang ontleding is opgestel hoekom die DA gewen het, en soos gewoonlik is dit deurtrek met leuens, ontkennings, propaganda en disinformasie.

Soos dat die kiesers geval het vir die boodskap dat "onbeskaafde Afrikane die laaste Europese buitepos uit die hande van wit liberale wil neem."

Oor hul eie wanbestuur en korrupsie (die DA ontdek elke dag nog meer honderde miljoene rande wat in begrotings verdwyn en aan "konsultante" betaal is) word natuurlik geen woord gesprak nie.

Daar word ook gesê die "idiotiese Wes-Kaapse kiesers" sal vir afskeiding in 'n onafhanklike republiek stem as daar 'n referendum gehou word.

► **Nou ja, miskien is daai laaste stelling nie heeltemal so vergesog nie . . .**

✣ Goedkoop beloftes

POLITICI is bekend vir hul belaglike en onhaalbare beloftes, maar Jakob Zuma s'n vat die koek: Duskantlanders sal binnekort na sy kantoor toe kan bel om oor dienslewering te kla. En die oproepe is gratis!

Roelfie hoor al hoe daai telefoon eers ná die soveelste probeerslag beantwoord word, met 'n blikstem wat jou keuses gee oor watter van die 32 departemente jy wil kla, gevolg deur Umshini Wam in al elf amptelike landstale.

As 'n mens so tien weke in die geskiedenis terugblaai, sal jy lees hoe hy voor 'n klein skare in 'n swart woonbuurt in Slaapstad belowe daar kom 'n kantoor wat werkverrigting sal monitor: Amptenare wat hul plig versuim, sal afgedank word.

Nou ja, die komitee is aangestel, maar dit klink al weer of die soustrein net nog 'n paar waens bygekry het.

Gevra of ministers en direkteurs-generaal afgedank gaan word as hulle droogmaak, was die antwoord: "Die komitee is nie daar om straf uit te deel nie."

► **Nou ja, dan is die komitee seker maar daar om bonusse aan al die lieplappers te betaal, of hoe?**

Allegaartjie

MEDISYNE

UIT TOEKA SE DAE

'n Botteltjie van Bayer se heroïen. Tussen 1890 en 1910 is heroïen as 'n nieverslawende alternatief vir morfien verkoop. Dit is ook gebruik om kinders wat kwaai hoes te behandel.

'n Papiergewig wat die firma C.F. Boehringer & Soehne (Mannheim, Duitsland) adverteer. Sy groot trots was dat hy die wêreld se grootste vervaardiger was van produkte wat kinine en kokaïen bevat.

In 1885 was die kinders dol oor hierdie kokaïendruppels vir tandpyn. Dit het die pyn verlig, en hulle sommer ook baie lekker en gelukkig laat voel.

Die Mariani-wyn wat omstreeks 1875 gebottel is was die beroemdste kokawyn van sy tyd.
Pous Leo XIII het destyds altyd 'n bottel saam met hom gedra en dit onderskryf.
Hy het die vervaardiger, Angelo Mariani, met 'n goue medalje van die Vatikaan vereer.

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO

Deur Lappe Laubscher

Genl. Piet Joubert was 'n praktiese mens

In die geskiedenis is daar wonderlike verhale wat wag om met humor ontsluit te word. Ek het weer hieraan gedink toe `n vriend nou die dag hier by my kom in loer met `n pragtige stukkie apokriewe geskiedenis. Sy naam sal ek liewer verswyg. Daar is ouens wat ernstig oor die soort goed voel.

Ons raak aan die gesels oor die verloop van die Anglo-Boereoorlog. Baie mense voel met groot emosie dat generaal Piet Joubert enige kans wat die Boere gehad het om die oorlog te kon wen, by Ladysmith verspeel het. Sulke ouens glo dat sy beleid om met beleggings die Engelse op 'n knop te jaag van die begin tot mislukking gedoem was.

Genl. Piet Joubert

Die storie oor hoe genl Piet Joubert hom sou verdedig het deur te verduidelik dat as God jou 'n vinger gee, jy nie die hele hand moet vat nie, is wel bekend. Of hy ooit die woorde gespreek het, is 'n ander vraag.

Daar is `n ander groep wat vertel dat na die ontsetting van Ladysmith, die Boere genl. Joubert gedwing het om 'n beker met gif te drink. Die storie is 'n klomp bog, dus laat ons dit daar.

My vriend het 'n heeltemal nuwe siening oor die sakie. Hy vertel dat toe genl. Piet Joubert vir George White en sy manne in Ladysmith vasgekeer het, het hy 'n Boere-verkenner gestuur om in Durban te gaan kyk hoeveel soldate die Engelse nou regtig het.

Toe die verkenner uit Natal teruggekeer het, het hy hom gehaas om by genl. Joubert uit te kom. "Nou toe, vertel my hoeveel Engelse wag daar in Durban om teen ons te kom veg," wou die generaal weet.

"Baie generaal, baie," kom die antwoord uitasem.

"Hoeveel is baie, my seun? Honderde? Duisende?" wou die generaal weet.

"Honderde duisende, generaal," doen die verkenner groot oog verslag.

Wat ook van genl. Piet Joubert gedink mag word, een ding staan vas. Hy was 'n praktiese soort mens. Was dit dan nie hy wat vir Paul Kruger vertel het dat die forte om Pretoria 'n vermorsing van geld was nie?

"Nou maar goed dan," vertel hy die Boereverkenner "dan beter ons net hier by Ladysmith bly. As ons nou Durban gaan beset en al daai Engelse krygsgevangene moet neem, sal ons vir hulle kos en slaapplek moet gee. Dit sal nooit deug nie."

OORLOGSTATISTIEKE

Digby 450 000 Britse troepe het aan die oorlog deelgeneem. Hiervan was 30 000 van oorsese Britse kolonies, 50 000 uit die Kaap en Natal en 5 000 joiners uit die twee republieke. Sowat 30 000 was gewapende swartes.

- Die Boeremagte het tussen 50 000 en 60 000 gewissel, en daar was nooit meer as 47 000 burgers in die veld nie. Daar was na raming 10 000 swart en bruin agterryers.
- Ongevalle: Aan Britse kant 7 800 weens krygsverrigtinge, 14 658 weens sieke en ongelukke.
- Aan Boerekant het 3 997 gesneuwel, 150 verongeluk en ongeveer 2 000 het aan siektes gesterf.
- Na raming is 30 000 plaashuise en 40 dorpe verwoes. Ongeveer 160 000 blankes en 130 000 swartes is in konsentrasiekampe aangehou. Sowat 28 000 blankes - onder wie 26 000 kinders - het in die kampe gesterf.
- Die oorlog het Brittanje £230 miljoen gekos. Vir repatriasie en hervestiging is £300 miljoen belowe, maar net £16 miljoen is uitbetaal.

Dié week se giggels

TOE GORDYNE

Die prokureur het in sy hospitaal-bed gelê, besig om by te kom ná sy operasie.

Hy het om hom rondgekyk, en vra vir die dokter: "Dok, hoekom is die kamer se gordyne so dig toe-getrek?"

"Wel," sê die dokter, "daar is 'n groot brand oorkant die straat, en ons wou nie hê jy moet bykom en dink die operasie was 'n misluk-king nie."

"Ek gaan gebraaide hoenderbors sonder vel bestel, dan bring jy per ongeluk vir my lasagne met knoffel."

HUWELIKSREËLING

Die tipiese macho-man het met die tipiese aantreklike meisie getrou. Ná die huwelik het hy die volgende reëls neergelê:

"1. Ek kom huis toe wanneer ek wil, as ek wil. 2. Ek verwag dat daar dan 'n heerlike aandete gereed sal wees, tensy ek jou sê ek sal nie vir aandete tuis wees nie. 3. Ek sal saam met my vriende gaan jag, visvang, kaartspeel en suip en jy het niks daaroor te sê nie. Dit is my reëls. Enige kommentaar?"

Sy nuwe bruid antwoord: "Nee, dis goed so. Jy moet net verstaan, hier sal saans om sewe-uur seks wees - of jy hier is of nie."

MANS HET BETER MAATS

Vriendskap tussen vrouens:
'n Vrou kom een aand nie huis toe nie. Sy vertel haar man die volgende oggend dat sy by 'n vriendin oorgeslaap het. Hy skakel tien van haar beste vriendinne en nie een weet iets daarvan nie.

Vriendskap tussen mans:
'n Man kom een aand nie huis toe nie. Hy vertel vir sy vrou hy het by 'n vriend oorgeslaap. Sy bel sy tien beste pelle. Agt van hulle bevestig dat hy by hulle oorgeslaap het, en twee sê hy is nog steeds daar.

(Ingestuur deur Ed Schultz, Doha)

KLINK NA PRET!

Basaarafkondiging:
Almal welkom! Kom gerus as jy niks aanhet nie en kom deel in die plesier.

WARM KOFFIE

'n Vlug van British Air het sy kruishoogte bereik, en die kaptein kondig aan:

"Dames en here, welkom op Vlug 293 van Londen na Toronto. Die weer vorentoe lyk goed. Sit terug, ontspan en O GENADE!"

Stilte. 'n Paar oomblikke later praat die kaptein weer.

"Jammer as ek julle laat skrik het, maar 'n vlugkelner het warm koffie op my skoot gemors. Julle moet sien hoe lyk die voorkant van my broek!"

Dis toe 'n Ierse passasier van agter af skree: "En jy moet sien hoe die die ágterkant van mý broek!"

LIGTE MISTYKIE

Van der Merwe ry in digte mis en kan nie goed sien nie. Hy besluit om die motor voor hom se agterliggies te volg.

Skielik stop die motor en Koos ry DOEF! in hom vas.

Van der Merwe vlieg uit sy kar en skree op die ander bestuurder:

"Hoekom stop jy so skielik??"

"Omdat ek in my garage is!" brul die man.

ROOI OOG deur Bill Yates en Mel Casson

Duskantlander in Anderkantland

Onsinnige Amerikaners doen als verkeerdom!

Deur DAVID BIGGS

DAAR is verskeie redes waarom ek meer tuis voel in Engeland as in Amerika, en nie een van hulle het iets te doen met verlangse voorgeslag-bande nie.

Die Engelse gebruik 220 volt elektrisiteit soos ons, dus werk dinge vinnig en doeltreffend. Met die Amerikaners se 110 volt duur dit eeue voordat 'n strykyster warm is of 'n ketel kook.

Die Engelse skakelaars werk ook op die regte manier: af is aan, op is af. In Amerika werk hulle andersom.

Die Engelse ry ook aan die regte (linker) kant van die pad. Van toeka se dae in die tyd van die kar en perd het jy 'n perd van links af bestyg, en dus was dit logies om op die pad links te hou.

Jy wil jou swaard-hand vry hê as jy jou teen 'n aankomende vyand wil beskerm, daarom hou jy daardie hand in die middel van die pad.

Dit was alles baie logies en moes net so die motor-era ingedra gewees het, soos die Engelse dan ook gemaak het. Toe begin die Franse met die gek idee om aan die regterkant van die pad te ry - net om die Engelse te versondig.

Franse revolusionêre het die idee in Amerika ingesmokkel toe hulle besig was om met die Engelse oorlog te maak.

Wil jy vir iemand waai, of 'n vinger in saluut lig? Watter hand word in die algemeen gebruik?

Korrek! Jou regterhand. Dus moet jy in so 'n posisie wees dat jy jou regterhand by die kar se venster kan uitsteek, reg? Dan moet jy aan die regterkant van jou voertuig sit. Punt.

DieEngelse gebruik ook ordentlike boumateriaal vir hul huise: baksteen en klip en sement. Hul huise bly eeue lank staan.

Amerikaners bou sulke onsoliede strukture wat ontwerp word om 50 jaar te hou. Hulle bly dus hul lewe lank in tydelike skuilings.

"A li oo bi."

Al wat ek in Engeland mis, is die Engelse taal. Behoorlike Engels is besig om vinnig uit te sterf.

Die letter "T" het omtrent heeltemal uit die taal verdwyn, en ander letters is vinnig besig om hom te volg.

As jy my nie glo nie, vra gerus 'n jong Engelstalige om 'n sin met 'n paar Ts te gebruik.
Sê: "A little bit."
"A li oo bi."
So tragies.

Die "ng" aan die einde van woorde raak ook al hoe meer raar. Jy hoor nie meer "saying" en "going" nie - dis "sayin" en "goin".

Ek hoor die Britse universiteite is besig om Amerikaanse dosente in te voer om ordentlike Engels weer in die Britse Eilande te vestig.

Ek dink ons Suid-Afrikaners kan dalk ook van hulp wees.

Hulle sê ons moet ons belasting met 'n glimlag betaal. Ek het dit probeer, maar hulle wou nog steeds geld hê.

MAKERIEPAS

Oumanne in die army: DIE MANNE LEER SKIET

Deur Wessel Ebersohn

Kalaharimense is oor die algemeen goed vertroud met gewere en die manne het uitgesien na die skietoefeninge wat by die Louisvale skietbaan sou plaasvind.

Die skietbaan is in 'n boerderygebied met 'n baie hoë wal agter die teikens om te keer dat koeëls 'n gevaar skep vir mense verder aan.

Almal, of hulle nou gewere ken of nie, is vertel presies wat om te doen en wat nie voordat die skietery begin het. Daar is veral klem gelê op die nodigheid om op jou eie teiken te skiet.

"Kyk na die nommer bo jou teiken en maak seker dis joune!"

Tielman was 'n dorpslaaitie, 'n klerk by die koöperasie, en het van gewere niks geweet nie, nog minder van skiet. Hy het nietemin aandagtig geluister en stelling ingeneem soos hy geleer is – plat op sy maag, die geweerkolf styf teen sy skouer.

Eerste skoot.

"Mis", rapporteer die korporaal.

Nog 'n skoot en nog een en nog een en elke keer kom die verslag, "mis".

"Nee, o hel," sê die korporaal, "g'n mens kan so aanhoudend die hele teiken op honderd meter misskiet nie! Waarnatoe mik jy?"

"Na my teiken toe, korporaal, nommer 7."

"Skiet weer dat ek kan sien waar jy mik."

Die skoot het weer geklap en "kleng" klink dit van die teikengebied af.

"Jou onnosele bliksem! Jy moenie na die nommer bo-op die wal skiet nie, jy moet na die teiken skiet! Gee hier daardie geweer en gaan wag daar by die voertuie, jy sal mense verongeluk!" Klasie se skietopleiding was op 'n einde.

Met die skiet op die valplate is die werklike skuts gou van die ander onderskei. Daar was 'n kêreltjie wat veel jonger as die ander manne was. Hy het jare lank sy diensplig ontduik, maar nou het hy sy rieme styf geloop en moes hy saam met die ou manne diens doen. Hy het lang, toiingrige hare gehad en het so 'n slap en slorderige indruk geskep, maar die ou manne het onwillekeurig met meer respek na hom begin kyk toe hulle op 'n ry teen die heining staan en water afslaan.

Oom Willem het die kêrel se kroonjuwele so 'n kyk gegee en gesê, "Magtag Boet, jy kan mos petrol steel met darie ding!"

Hulle respek het nog groter geword toe hy begin valplate skiet. Daar was ses valplate waarop geskiet moes word en elke skut het net ses patrone gekry. Die doel was om so vinnig moontlik, soveel moontlik valplate te laat kantel.

Toe dit hierdie klong se beurt is, gaan hurk hy, stut sy elmboog op sy knie en toe die bevel kom skiet hy so vinnig as wat „n mens een, twee, drie, vier, vyf, ses kan sê al ses plate om.

Hy het die ooms later vertel dat hy eintlik 'n beroepsjagter is.

Ek voel nie oud nie. Eintlik voel ek niks totdat dit middag word nie. Dan is dit tyd om 'n uiltjie te knip.
-- Bob Hope

So 'n bietjie PITKOS

Bobbejane treur oor hul dooies

Dit lyk dalk nie so wanneer hulle rustig in die son sit en vlooie krap nie, maar bobbejane raak ook gespanne en rou selfs as een van hul familielede vrek.

Só het 'n span Amerikaanse navorsers in Botswana bevind. Sover bekend het hul navorsing vir die eerste keer bewyse gelewer dat kese, spesifiek die wyfies, rou. Hul hormoonvlakke skiet dan die hoogte in.

Die bevindings is grootliks geskoei op Sylvia, 'n 23-jarige wyfie van die Okavango-delta. Sy is een van die meer senior wyfies in die trop en het min ooghare vir die ander gehad, behalwe vir haar dogter, Sierra, wat haar versorgingsmaat was en ure lank haar hare sit en krap het.

Toe 'n leeu Sierra doodbyt, het Sylvia ure lank net vir haar voete gesit en staar en lusteloos rondgedwaal. Twee weke later het sy by die ander wyfies begin aandag soek met wie sy vroeër onvriendelik was.

Haar hormoonvlakke, wat die hoogte ingeskiet het, het ook weer begin daal.

Doen dit self

KAMMANUUS plaas elke keer 'n wenk wat sy lesers sal help om kostes te bespaar.

Hoe om nie deur jou alarm te slaap nie
Koop 'n muisval en plaas dit op jou alarm. (Jy hoef nie aas in die val te sit nie - netnou kom daar 'n muis en eet dit en dan verslaap jy.)
Die val sal verseker dat jy nie die alarm dooddruk, omrol en verder slaap nie.
Wenk: Hou 'n paar Disprins byderhand vir die pyn.

Hou die regte gereedskap aan
Jy het eintlik net twee stukke gereedskap in die lewe nodig - 'n smeermiddel in 'n spreikan en sterk kleefband (duct tape). As dit moet beweeg maar nie beweeg nie, spuit dit. As dit beweeg maar nie moet beweeg nie, plak dit vas.

Liewe Jesus
Ek het nie geweet oranje pas by pers totdat ek die sonsondergang gesien het wat U Dinsdag gemaak het nie! Dit was so mooi!
Eugene

Liewe Jesus
Moes die kameelperd so lyk of was dit 'n ongeluk?
Norma

Liewe Jesus
In plaas van om mense te laat doodgaan en heeltyd nuwes te moet maak, hoekom hou U nie die wat U nou het nie?
Annie

Liewe Jesus
Wie het die strepe om die lande getrek?
Nan

STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

BARNARD
Gleroux1@sars.gov.za
Benodig meer inligting aangaande Jacobus Barend Barnard gebore 1955-02-11 en Cathleene Barnard gebore 1945-06-01, gesterf 1980-06-08.

BASCH
jantrichardt@gmail.com
Enige inligting oor die familie Basch.

DE BRUYN
drienjan@vodamail.co.za
My Pa was Willem Johannes de Bruyn, sy vader Danie en moeder Louisa Margaretha (Posthumus). By Steynsrust geboer. Meer oor voorgeslagte asb.

ESTERHYSEN
annafs@zipplink.co.za
Oupagrootjie aan moederskant was Daniel Wilhelmus Esterhysen, gebore 26/02/1861, oorlede 5/10/1926. Tweede vrou was Isabella Maria (gebore Botha) vermoed spelling het iewers verander na Esterhuizen.

HATTINGH
achatti@mtnloaded.co.za
Gebore in Pretoria, gebly in Hoedspruit, Langebaan en is tans in George.



MARAIS
Willem Tobias.
sandra@it5.co.ca
Benodig familiewapen vir skooltaak.
*(Gaan na www.google.co.za en tik in **marais familiewapen**.)*

SWARTS
heinswarts@vodamail.co.za
Afstammeling van die Swart-familie van Bethulie, OVS circa 1910 - 1950.

VAN STADEN
drflip@mweb.co.za
Phillipus Jacobus van der Walt van Staden(11) gebore in Rustenburg distrik 1939, grootgeword in Pretoria. Getroud met Engela du Preez. Bestuur tans die Mizpah jeugkamp naby Grabouw. Het alreeds heelwat inligting oor ons tak van die familie ingesamel.

VISAGIE
desire@infodoor.co.za
Verlang 'n stamboom. Register asseblief enige informasie oor die Visagies se voorgeslagte.

VISSER
hvisser2@sars.gov.za.
Enige nasate, kenisse of vriende en familie van Soon Floris Visser of sy vrou Ragel Visser. Kontak my asb.

MEER OOR GESINNE

Daar is nie iets soos pret vir die hele gesin nie.
-- Jeremy Seinfeld.

Die plek van die vader in die moderne voorstedelike gesin is baie beperk, veral as hy gholf speel.
-- Bertrand Russell

In elke twis tussen 'n ouer en 'n kind kan hulle nie albei reg wees nie. Maar hulle mag, en is gewoonlik, albei verkeerd. Dis die soort situasie wat aan 'n gesin sy besonderse histeriese bekoring verleen.
-- Isaac Rosenfeld

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Wie, behalwe die jongeres onder ons, onthou nie vir Esmé en Jan nie?

Ai, as kind moes ons tjoepstil bly vir die hele duurte van die resepteprogram op die destydse Springbok Radio sodat onse ma's en ouma's die voorgeleesde kort en kragtige resepte kon afskryf!

Nou is ons baie ver gevorderd in die tegnologiese era, en kan jy enigiets op die internet soek.
Tog, waarna verlang ons Anderkanters die meeste? En waarna verlang die meeste Duskanters as die lewe druk?

Na ons Saner-Ma's se bekende kos!

Maklike melktert

1. Maak tennisbeskuitjies fyn en meng met 2 e. margarine. As jy te lui is daarvoor, pak sommer net 'n lagie tenniskoekies onder in 'n plat oondbak.
2.Gooi 3 k. melk en 1 e. margarine in 'n kastrol op die stoof. Laat dit kook, oppas vir aanbrand, roer so nou en dan!
3. Skei 4 groot eiers, , en klop die eierwitte in aparte bakkie tot styf.
4. Meng die 4 eiergele, 1 en 'n driekwart k. koekmeel, 1 k. suiker en nog 2 k. melk, en roer dit by die melkmengsel op die stoof. Roer nou heeltyd tot dit lekker dik is.
5.Haal van stoof af, roer die eierwitte en 1 t. vanilla by. (Die hitte van die pap sal dit gaar maak!)
6. Gooi dan die kastrolmengsel of pap oor die koekielaag. Strooi kaneel oor, en geniet!

Spinasie-gebak

1. Kook sowat 2 groot "handevol-bondels" spinasie tot gaar. Of koop 1 kg bevrore pak spinasie en sit dit pak en al in die mikrogolfoond vir so 5 minute tot gaar. (Hou eenkant.)
2. Braai 3 gekerfde uie , 500 g sampioene en 500 g spekstukkies tot bruin. Gooi dit by die gaar spinasie in die mengbak.
3. Klits 4-6 eiers in aparte bakkie, en gooi by die spinasie.
4. Maak 1 pakkie wit uiesop-poeier aan met 500 ml melk en gooi dit ook by die spinasie.
5. Meng nou alles, plus bietjie sout/aromat, peper en tiemie. Skep alles uit in 'n plat oondpan.
6. Rasper 1-2 k. kaas en strooi bo-oor.
7. Bak in oond op 180 ºC tot goudbruin en gestol.
8. Bedien saam met 'n lekker vars slaai van slaaiblare, tamatie, komkommer en Fetakaas. Los die brood al is dit plaasoond-warm-vars, want jy het dit nie nodig nie!

•• Lesers kan self met Retha gaan gesels op haar eie werfie op Onsdorp. Jy gaan net na die volgende adres:
http://www.onsdorp.com/somaakmens.html

Baie kleure

DIE bruin outjie skryf 'n gediggie by die skool: "Toe ek gebore is, was ek bruin. As ek grootword, sal ek bruin wees. As ek in die son kom, bly ek bruin. As ek koud is, is ek bruin. As ek siek is, is ek bruin.
Maar jy, wit man?
Wanneer jy gebore word, is jy pienk. Wanneer jy grootword, is jy wit. As jy in die son kom, is jy rooi. As jy koud kry, is jy blou. As jy siek is, lyk jy grys. En dan het jy die vermetelheid om mý 'n "kleurling" te noem!

Sonder ketting

Seuntjie iewer in Duskantland: "Mamma, ek het nou net die nuwe burgemeester gesien!"
Ma: "Het hy sy ketting aangehad?"
Outjie: "Nee, hy het los rondgeloop!"

AGTEROS

Sjefs is 'n ander spesie

Deur CORINUS DU TOIT

"As sy kos só wil opmors, is sy welkom om dit iewers anders te gaan doen."

Sommige sjefs regeer met 'n ysterhand oor hul kombuise terwyl ander dit selfs na die gaste toe deurtrek. Iewers lees ek onlangs van die sjef in 'n spogrestaurant wat 'n kliënt met 'n soplepel wou bydam omdat dié dit durf waag het om 'n gereg terug kombuis toe te stuur.

My Beter Helfte hou van haar vleis goed gaar - net so duskant waar dit geskik is om 'n skoen mee te versool. Dit het egter een aand tot 'n einde gekom toe die sjef in 'n restaurant in Nelspruit haar formeel kom inlig het dat sy restaurant nie tot daardie vlak sal daal nie. As sy kos so wil opmors, is sy welkom om dit iewers anders te gaan doen.

Sy was so oorbluf dat sy gelate ingestem het tot 'n biefstuk wat darem nog effens rooi gewys het. Ek sien gisteraand sy is weer terug by haar ou gewoonte ná amper 20 jaar van "bekering" en ek soek naarstiglik weer na daardie sjef. Helaas, hy staan nou voor ander vure waar ek nog nie wil kom nie.

In 'n stadium toer 'n Weermag-rugbyspan in Argentinïe en dis beesvleis soggens, smiddags en saans. Teen die einde van die toer is een speler behoorlik dik vir die ewige biefstuk wat aan hulle voorgesit word.

Komende uit die Karoo, vra hy een aand in 'n restaurant vir 'n paar skaaptjops. Ná 'n lang gewag bring die kelner twee rou skaaptjoppies vir hom, asook 'n affêre wat met 'n vlammetjie werk. Dis beeswêreld dié, word hy beduie. As hy dan skaapvleis wil hê, kan hy dit self gaarmaak. Dis benede die restaurant en sjef se waardigheid om dit voor te sit of selfs aan te hou. Hulle moes dit eers iewers gaan soek.

◇ ◇ ◇

Ongeveer 15 jaar gelede ontmoet ek vir Graham by 'n funksie. Hy lyk nogal bietjie soos die aarde - effens afgeplat by die pole en volrond by die ewenaar, maar vertel 'n pragtige storie wat met sy voorkoms verband hou.

Eers lag ons lekker oor sy pittige vertelling van die uitdrukkings op verkeers-manne se gesigte wanneer hulle hom vir spoed aftrek, wat skynbaar dikwels gebeur, en hy gee sy van aan as "Peaceful" en adres "1 Joy Place" - en dis alles 100% waar.

Ewenwel, hy was 'n gereelde besoeker aan 'n spesifieke restaurant en het goed bekend geraak met die sjef.

Een dag vertel die sjef dat hy graag sy eie restaurant wil begin, maar nie die kapitaal het nie. Net daar word Graham die rustende vennoot wat die kapitaal sal verskaf met die sjef wat die kundigheid sal bydra.

Blykbaar het dit so goed gegaan dat die sjef op 'n stadium vir Graham wil uitkoop. Daar is 'n bedrag van iets soos R20 000 ter spake in 'n era toe dit nog 'n enorme som geld was. Graham het egter 'n ander voorstel. Gee hom een jaar, vra hy sy vennoot, om daardie bedrag te kom opeet. Wat aan die einde van die jaar nog oor is, is tot voordeel van die sjef. Toe die jaar om is, staan hy R20 kort van die totaal en is heelwat groter en ronder in omvang as wat hy met die aanvang daarvan was.

◇ ◇ ◇

Soms gebeur dit egter dat 'n sjef iets ander as potte en panne rondgooi of sy gereg met meer as sout en peper spesery. In 1975 hou 14 Veldregiment in Potchefstroom 'n ouerdag.

Een van die sjefs is korporaal Rooies en sy voorkoms getuig daarvan dat hy beslis in sy eie kosprodukte glo en sy eie grootste aanhanger is. Hy moet wortelslaai maak en dis 'n enorme bak daarvan. Staan Rooies met sy moue opgerol bo-oor die bak en meng wortelslaai met sy hande en arms.

Dis bloedig warm en die sweet tap hom in strome af - en raai waar drup dit. Kort-kort vee hy ook nog met 'n wortelbesmeerde voorarm oor sy voorkop en duik dan weer in die bak wortelslaai in.

Selfs vandag nog eet ek maar langtand aan wortelslaai, want die beeld van die gesette, sweetdruppende korporaal duik knaend voor my op elke keer as ek wortels in enige vorm op my bord sien.

Jou volgende KAMMANUUS is op 15 JUNIE